# G1 - God is Jaloers

**Doel van les:**

- In hierdie week se les leer ons dat God 'n jaloerse God is, maar nie op die negatiewe manier wat ons as mense jaloesie verstaan nie.

**Ysbreker:**

- **Jaloesie aktiwiteit:** Verduidelik dat om jaloers te wees beteken om iets te wil hê wat iemand anders het. Baie keer begin mense wat jaloers is sekere dinge te doen soos om lelik te wees met die mense waarop hulle jaloers is, hulle seer te maak of die ding te steel wat hulle wil he. Ons gaan nou 'n speletjie speel waar julle gaan kyk of julle kan agterkom of iemand jaloers is of nie.
  Laat kinders in die middel van die vertrek staan. Merk die een kant jaloers en die ander kant nie jaloers. Lees nou die volgende senarios en kinders moet besluit watter kant hulle dink die senario beskryf.
  1. Mary se vriendin het 'n nuwe speelding vir haar verjaarsdag gekry. Mary het huistoe gegaan en gehuil oor sy nie 'n nuwe speelding gekry het nie.
  2. Ryno se ouers kan nie splinternuwe klere bekostig nie. Hy kry al die klere wat sy ouer broer nie meer dra of pas nie. Al is dit nie nuwe klere nie, is Ryno baie bly daaroor en hy dra dit.
  3. Michelle het nie so mooi waterbottel soos van haar ander vriende nie, maar sy is bly haar mamma het haar gunsteling chips ingepak vir skool.
  4. Brandon het Saterdag saam met sy pa gaan visvang, maar was ongelukkig en het gehuil toe sy pa die Sondag vir sy sussie parkie toe vat.

Het julle al ooit dit raak gelees in die Bybel of dalk gehoor dat God beskryf word as 'n jaloerse God? Ja daar is gedeeltes in die Bybel waar dit genoem word. Maar waar ons sien dat mense ander seermaak of steel oor hulle jaloers is, is God jaloers op 'n heel ander manier en vir ander redes.

**Eksodus 34:14a sê: Julle mag nie 'n ander God vereer nie, want Ek, die Here, eis onverdeelde trou aan My.**

**Vraag in groep:**

- Wat is ander gode? (Enige iets wat ons dien eerder as om vir God eerste te stel)
- Wat dink julle kan in ons lewens afgode wees? (Geld, televisie, mense, sosiale media, ens)

- Wat maak God jaloers? (Wanneer ons sonde en dinge kies eerder as God en om gehoorsaam aan Hom te wees.)

Kry terugvoering.

Mense se jaloesie is as gevolg van sonde, maar God sin nie. God is lief vir ons en jaloers wanneer ons ons tyd, liefde en aandag op ander dinge fokus en dit belangriker maak as Hy. God het die reg om jaloers te wees aangesien Hy ons gemaak het en Jesus gestuur het om aan die kruis te sterf vir ons. Hy is ons liefdevolle Skepper wat ons onverdeelde liefde en aandag verdien. Is daar dalk vandag iets in jou lewe wat belangriker vir jou is as God?

Sluit af in groepe met gebed.